*Scriptura 54 (1995) p159-176*

# DIE Oë VAN DIE GEES IN DIE BOEK OPENBARING - 'N TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

JC de Smidt
Departement Bybelkunde
Universiteit Vista

**Abstract**

*Christians living along the south-west coastline of Asia at the end of the first century experienced, among other things, ethnic, cultural and spiritual deprivation. The primary questions that Christians asked were: 'Who is in control of history? Does God see the tragic events in the world? The author of Revelation is writing a crisis text in which he comforts his readers. Using the metaphor of the seven eyes of the seven Spirits' the author indicates that the Holy Spirit is, inter alia, the Spirit of perception. He is the eyes of God, of the Lamb, of the Church and of the believer. He sees all things in time and space - both the good and the bad. This is the consolation.*

## 1. Inleiding

Die outeur van Openbaring (hierna Op) skryf 'n profeties/pastorale brief aan die Christelike gemeentes aan die kuslyn van Suid-Wes-Asië. Hulle het aan die einde van die eerste eeu geleef (Thompson 1990:5,10).

Sy geskrif kan vanuit 'n sosiologiese perspektief as 'n 'sosiologie van konflik' beskryf word. Hy is kras in sy veroordeling van die sosiale orde (Wall 1991:14). Die rede hiervoor was dat die Christene op talle terreine sosiale verlies ervaar het (Du Rand 1989:104). Etnies, kultureel en geestelik is hulle in 'n groot mate ontwortel en dit het tot sosiale spanning gelei (Du Rand 1991:585; Wall 1991:11). Die Christene het 'n liminale, marginale gemeenskap geword. Hulle strukturele attribute was in antitese met die omringende sosiale strukture van die eerste eeu (Jeske 1985:459; Thompson 1990:28, 32, 36, 46 verskil).

In sy pastorale brief aan dié *communitas* poog die outeur om die Christene te versterk en te versorg. (Wall 1991:1; Jeske 1985:459). Die krisis van die lesers was veral geestelik: wie is in beheer van die geskiedenis? Is daar iemand wat die tragiese gebeure van die wêreld raaksien? (Wall 1991 :12) Daarom skryf die outeur 'n ideologiese rigtinggewende geskrif; 'n sekuriteitsgeskrif in 'n krisissituasie (Du Rand 1991:584). Deur die Gees is die outeur 'n pastorale interpreteerder van die lesers se krisis. (Du Rand 1989:102; 106). In sy historiese eskatologiese interpretasie poog hy '... to shepherd his readers to understand their crises as being within God's control of church, cosmos and history' (Du Rand 1989:107).

## 2. Hermeneutiese Perspektiewe op die Rol van die Gees in Openbaring

'n Breedvoerige teologiese refleksie rondom die arbeid van die Heilige Gees, soos by Paulus, ontbreek in Op. (vgl. De Smidt 1994:4; Ford 1975:19). 'n 'Teologie' oor die pneumatologie word moontlik veronderstel (vgl. Van der Watt 1989:407; Dunn 1978:105). Die betrokkenheid van die Gees is meer geformaliseerd en

geïnstitusionaliseerd (vgl. De Smidt 1994:5; Bauckham 1980:66). Nêrens word die Gees in Op as die 'Heilige Gees' genoem nie (Morris 1989:49).

Die prominensie van die werk van die Heilige Gees is egter 'n belangrike eienskap van Op (De Smidt 1994:5; Bauckham 1980:66). Sy werk is veral gerig op die kerklike gemeenskapslewe en is mensomvattend (Jeske 1985:458).

Die Gees is 'n Gees van resepsie want alles wat in Op meegedeel word, word van die Gees ontvang. Niks is van die outeur afkomstig nie (Jeske 1985:463). Hy is die Agent in die goddelike openbaring (Mazzaferri 1989:300).

In Op is die werk van die Gees kerk-, histories- en kosmies omvattend (vgl. de Smidt 1994:5). Volgens Moltmann (1990:100) gaan die ganse skepping gebuk onder die kragte van tyd en die dood. Dit het 'n lydende skepping geword. In hierdie winter van God se skepping smag alles en almal na die transformasie van alles. Die Gees is die motiverende krag en die Gees van lewe, die *dominum et vivificantem*, die Moeder wat lewe gee. Die Gees transformeer die skepping tot 'n gemeenskap van die skepping.

Die voortgaande skepping (*creatio continua*) en die antisipering van die nuwe skepping waarvan Op 21:5 die einddoel is, is die werk van die Gees. Die eskatologiese proses begin dus deur die Gees. (Moltmann 1990:105). Hierdie Christelike hoop het by die verhoging van die Lam (Op 5) begin. Die eerste Christene het dit die eerste dag van die nuwe skepping of die agste dag genoem.

Bauckham (1993:150; vgl. 1980:66) verdeel die verwysings na die Gees in Op in drie kategorieë, naamlik die Gees van visioene, die Gees van profesie en die sewe Geeste. (Vir hermeneutiese perspektiewe op die eerste twee sien De Smidt 1994:6 e.v.). In hierdie referaat word gekonsentreer op die kategorie van die 'sewe Geeste'.

## 3. Die Sewe Geeste

### 3.1 Die identiteit van die *sewe Geeste*

Oor die identiteit van die 'sewe Geeste' is reeds baie gedebatteer (vgl. De Smidt 1994:17; Fekkes 1994:107 Bauckham 1993:162; 1980:75; Engelbrecht 1987:8; Bruce 1973:334). Die uitdrukking 'sewe Geeste' word in Op 1:4; 3:1; 4:5 en 5:6 aangetref (vgl. Bauckham 1993:150; Morris 1989:49).

Die vroegste Christen eksegete het 'n 'sewevoudige' Gees in Jesaja 11:2-3 gevind, naamlik: die Gees van Wysheid, kennis, regeervermoeë; kennis van God se wil, eerbied, blydskap en aanbidding. (Bauckham 1980:75; Engelbrecht 1987:8). Victorinus van Pettau, die vroegste Latynse kommentator van Op, het die begrip so geïnterpreteer (Bruce 1973:334). Hierdie eksegese het egter op die LXX berus wat die outeur nie gebruik het nie (Bauckham 1980:75; Bruce 1973:334).

Andere meen die begrip kom van die Babiloniese Zoroastriese teologie of dui op die sewe aartsengele (vgl. Fekkes 1994:107; Bauckham 1980: 75; Englebrecht 1987:10; Bruce 1973:335). Laasgenoemde is foutief aangesien die term 'gees' (*pneuma*) nooit in die vroeë Christelike literatuur en in Op vir engele gebruik is nie. Deurgaans word hulle *angeloi* genoem (Bauckham 1993:62; Engelbrecht 1987:10).

Die 'sewe geeste' ('n transformasionele simbool Thompson 1990:17) is 'n simbool van die Gees van God wat die outeur gekies het op grond van sy eksegese van Sagaria 4:1-14 (vgl. Fekkes 1994:108; Bauckham 1993:162; 1980:75; Engelbrecht 1987:8; Bruce 1973:334).

### 3.2 Die moontlike relasie van Sagaria 4:1-14 en Op 5:6

Sagaria 4:1-14 is vir verskeie eksegete die sleutel tot die verstaan van Op 5:6 (vgl Fekkes 1994:108; Bauckham 1993:163; Du Rand 1991:216; Hughes 1990:80; Morris 1989:95; Botha 1988:44; Beasley-Murray 1974:124). Bauckham (1993:163) meen: 'It seems to have been the key Old Testament passage for John's understanding of the role of the Spirit in the divine activity in the world.' Hierdie vyfde nagvisioen van Sagaria, vorm deel van 'n aantal visioene oor die herstel van Jerusalem, die herbou van die Tempel, die loutering van die volk na die ballingskap en die koms van die messiaanse tydperk. Die rede waarom die outeur van Op hierdie visioen van Sagaria so belangrik ag, word gevind in die woord van die Here deur Sagaria aan Serubbabel in Sag 4:6: 'Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige' (Bauckham 1993:163).

Serubbabel (±520 vC) was aan die hoof van 'n groep Jode wat uit ballingskap na Jerusalem teruggekeer het. Hy moes leiding gee met die herbou van die tempel en die stad Jerusalem. Die Jode het verlies op verskei terreine ervaar. Daarby was daar by die teruggekeerde Jode die illusie dat die Davidiese dinastie weer herstel sou word. So kon. Serubbabel die slagoffer van 'n nasionalistiese beweging word wat later deur Darius onderdruk is. Sagaria het hom toe deur die visioen gewaarsku dat die toekomstige tempel deur die Gees van die Here tot stand sou kom (vgl. Beek 1970:104; Ridderbos 1968:81).

Sagaria het 'n visioen van 'n goue kandelaar gesien (Sag 4:2). Die kandelaar het sewe tuite met sewe lamppitte in elke tuit gehad. Na aanleiding van Sag 4:10 word veronderstel dat die sewe lamppitte en die sewe oë verband met mekaar het (vgl. Ridderbos 1968:84). Die lampe is simbole van die oë van die Here wat oor die hele wêreld kyk. Die simboliek in die visioen beteken dan dat die kandelaar 'n voorstelling van God self is en dat die sewe lamppitte 'n voorstelling van die oë van die Here is. (Ridderbos 1968:84). In Sagaria se taal mag daar 'n sinspeling wees na die hofagente van die Persiese Ryk, bekend as die Koning se Oë (Bruce 1973:33). (Weerskante van die kandelaar was twee olyfbome, een regs van die oliebak en een links. Dit is die twee gesalfdes wat in diens staan van Hom aan wie die hele aarde behoort. Sag 4:3, 4 hieroor later).

Hierdie beeld van die kandelaar moes vir die outeur van Op bekend gewees het. 'n Kandelaar het in die heilige van die tabernakel (Eks 25: 31 e.v.), in die tempel van Salomo (1 Kn 7:49; 2 Kr 4:7) en in die tempel van Serubbabel gestaan. Laasgenoemde is in 70 nC deur die Romeine buitgemaak waarvan 'n afbeelding op die Titusboog bewaar gebly het (Ridderbos 1968:80). Moontlik was die gebeure van Serubbabel en Sagaria van toepassing vir die outeur van Op. Die boodskap van Op is juis 'n antwoord op die vraag: hoe gaan God sy ryk op aarde vestig as die dier 'n onweerstaanbare wêreldwye mag het? Sien God die wêreld raak? Sag 4:6 gee vir die outeur die antwoord: God sal nie soos die dier sy ryk deur 'n aardse mag vestig nie, maar deur die Gees van God (Bauckham 1993:163). Deur sy Gees sien Hy die ganse skepping raak.

Die simboliek van Sagaria se visioen verwerk die outeur in Op 5:6 op sy eie manier (Bauckham 1980:75). Bruce (1973:336) vermeld in die verband 'John is never in bondage to the religio historical roots of his symbolism; with sovereign freedom he bends and re-shapes it to serve his special purpose'.

### 3.3 'n Omskrywing van Op 5:6

Johannes sien 'n visioen van die Lam wat voor die troon staan. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Sy verklaring van die sewe oë is dat dit die sewe Geeste van God is, wat oor die hele aarde uitgestuur is. (Op 5:6).

Die visioen van die hemelse heiligdom is op die model van die aardse heiligdom gekonstrueer. Die visioen bevat die belangrikste elemente van die aardse heiligdom (vgl. Op 8 :3-4; 11:15). Die sewe kandelaars korrespondeer met die sewe kandelaars wat voor Jahwe in die aardse heiligdom gebrand het (Eks 40:25). Dit is ook die kandelaars van Sagaria se visioen. Die staander van die kandelaar word nie genoem nie, maar wel veronderstel. Die moontlike rede waarom die staander nie genoem word nie is omdat dit op die aarde staan (Op. 1:12-13, 20, 2:1, 5; 11:4 Bauckham 1993: 164). Soos die sewe kandelaars voor die troon in die hemel, so behoort die sewe Geeste aan God.

Bauckham (1993:164) vermeld dat in Op 5:6, is die sewe Geeste in noue relasie met die Lam. Die Lam het sewe horings en sewe oë. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is. (Op 5:6). Die ego van Sag 4:10c is duidelik. In Op is die oë van Jahwe ook die oë van die Lam. Dit het 'n eksegetiese basis in Sag 3:9 waar die outeur die verwysing na die klip met oë neem om na Christus te verwys. Die sewe oë is dieselfde as die oë van Sag 4:10c. Op grond van Jes 11, 'n messiaanse teks in Op, word Christus met die Gees van die Here toegerus wat voortaan die Gees van Christus sou wees. Die oë van die Here wat oor die hele wêreld kyk, het ook die oë van die Lam geword (Bauckham 1980:75). In Op 5:6 word die funksie van Jahwe se oë getransporteer op die oë van die Lam (Bruce 1973:335).

Hierop is Bauckham (1993:164) se kommentaar:

> It is important to realise that the eyes of Jahwe in the Old Testament indicate ... his ability to see what happens throughout the world.' (vgl. 2Kr 16:7-9; Ps 33:13-19; 34:15).

Die Gees wat met die oë geïdentifiseer word is dus die oë van die Lam wat oor die hele aarde sien. Niks ontglip hom nie. (Vir God, die Lam, die Gees en Christus en die gelowiges wat ekwivalente van mekaar is, sien p 19, 22 en Boring 1987:265)

Om die boodskap van die krag van die Gees te versterk, koppel die outeur die beeld van die sewe horings aan die beeld van die sewe oë. Dit toon die Lam se vermoë om deur die Gees, kragtig op te tree waar Hy ookal wil. Horings is 'n bekende simbool vir krag. Moontlik wou die outeur aandui dat in Sagaria het die krag van Jahwe te staan gekom teen die vyandelike krag van die nasies. Hierdie vyandige kragte wat 'n gevaar vir Serubbabel en die volk was, is gesimboliseer met vier horings (Sag 1:18-21). In Op is die sewe horings van die Lam die krag van die Gees wat teen die krag van die draak en die dier werk (Op 12:3; 2:1, 11: 17:12-13). Bruce (1973:334) meen dit is geen ongerymdheid om dieselfde realiteit met twee verskillende simbole in een visioen aan te dui nie.

Die sewe horings en die sewe oë hoort tot die beskrywing van die Lam toe Hy die eerste maal in Op navore getree het: as die geslagde Lam wat oorwin het (Op5:5-6). Dit is simbole van die krag van sy oorwinning. Die sewe Geeste word oor die hele aarde uitgestuur om sy oorwinning oor die hele wêreld te verwerklik. (Bauckham 1993:165).

## 3.4 Die oorwinning bewerkstellig deur die *twee getuies*

Die sewe Geeste (Op 5:6) bewerkstellig die oorwinning van die Lam oor die hele aarde deur die twee getuies (Op 11:3). Daar is 'n implisiete relasie tussen die sewe Geeste en die twee getuies van Op 11:3-13. Die relasies berus weereens op sinspelings van Sag 4, wat die outeur in Op 11:3-4 interpreteer (Bauckham 1993:165).

Die twee olyfbome in Sagaria se visioen (Sag 4:3) word die twee gesalfdes (lett. seuns van olie) genoem wat in diens staan van Hom wat die hele aarde bewoon. (Sag 4:14). Openbaring se twee getuies is 'die twee olyfbome en ook die twee lampe wat voor die Here van die aarde staan (Op. 11:4). Die outeur van Op het skynbaar die simboliek van Sagaria aangepas want in Op blyk dit dat die twee olyfbome ook twee kandelaars is. Hierdie twee kandelaars dra die lamppitte wat die sewe Geeste is. Twee getuies is 'n Bybelse beeld en vereiste vir 'n legitieme en kragtige getuie (Num 35:30; Deut 17:6; 19:15). Hieruit kan afgelei word dat '... the seven Spirits are the power of the church's prophetic witness to the world, symbolized by the ministry of the two witnesses?' (Bauckham 1993:165). Die universaliteit en alomvattendheid van die twee getuies se taak word veronderstel deur die frase wat die outeur van Sagaria oorneem, naamlik '... wat voor die Here van die aarde staan' (Op 11:4; Bauckham 1993:165).

Die twee getuies is dus 'n simbool van die prediking van die kerk. Die sewe Geeste stuur die twee getuies oor die hele aarde. Hulle taak is dus wêreldomvattend. Die relasie tussen die Lam, die sewe Geeste en die twee getuies toon dat die Lam en die Gees die verkondiging van die kerk, die insig van die kerk asook die oordeel uiters kragtig maak. So word die twee getuies se getuienis oor Jesus geloofwaardig. 'Through this witness of the church to the world the seven Spirits make the victory of the Lamb effective universally' (Bauckham 1993:166).

Die twee kandelaars (Op 11:4) verteenwoordig dus die kerke se profetiese en geloofwaardige getuienis aan die wêreld. Die sewe aparte kandelare (Op1:12-13,20) is die sewe kerke van Asië aan wie Johannes se profetiese boodskap gerig is. In Op 3:1 word 'n relasie tussen die sewe kerke en die sewe Geeste aangedui. Die sewe Geeste word volgens Op 1:12-13, 20 in die wêreld uitgestuur as die lampe van die sewe goue kandelare. Dit blyk dat die werk van Christus deur die Gees in die kerk (Op 2:1) met sy getuienistaak in die wêreld voortgesit word. Die boodskappe wat die Gees deur die (Christenprofete) in die kerke kommunikeer (Op 2-3) gee die kerke die krag om te profeteer (Op 11:3; Bauckham 1993:166). Die sewe Geeste (Gees) is dus die lig, die oë en die krag van die Lam en van die twee getuienis (die kerk) wat die eens geslagte Lam se oorwinning in die hele wêreld proklameer.

## 3.5 Die *sewe oë:* 'n antropomorfisme

Kennis van God en gemeenskap met God is volgens die Bybel moontlik maar die geheim van God se wese bly verborge. Daarom praat die Bybel antropomorfisties oor God en beskryf sy verskyning onder andere in menslike vorm. Herhaaldelik word dit egter beklemtoon dat God nie 'n mens is nie, maar onsigbaar en onvergelykbaar (Vriezen 1970:155). Die feit dat die mens na die beeld van God geskape is, veronderstel ook dat hy aan God in menslike vorm dink. (Vriezen 1970:320). 'n Antropomorfisme is 'n bewys van die onteoreikendheid van die menslike spreke oor God.

Op 5:6 bevat 'n linguistiese antropomorfisme, naamlik God se *oë*. Dit dui op 'n simboliese aktiwiteit van God. God sien alles en in sy wese is Hy persoonlik betrokke en besorg oor die wêreld (Vriezen 1970:319, 320). (Die Oosterse mens het homself meer visueel uitgedruk en minder abstrak as die moderne Westerse mens.) Hy staan in lewende relasie met die mens en die wêreld. Die gelowige leef as't ware deur die humanisering van God. In die opsig kan Op ook genoem word '... the most humanly minded book of the ancient world' (vgl Vriezen 1970: 321, 322, 388; Von Rad 1977:404; Eichrodt 1964:211).

## 3.6 Die *sewe oë:* 'n metafoor

Die outeur van Op maak van verskeie metafore gebruik. Wall (1991:108) vermeld dat: 'Eyes are a biblical metaphor for spiritual illumination or truth'.

Die metafoor was baie bekend in die antieke literatuur. Sedert Aristoteles word daar reeds byna onophoudelik oor die metafoor geteoretiseer (Gräbe 1984:6). Volgens Aristoteles is die belangrikste kenmerk van 'n outeur sy beheer van die metafoor (Scholtz (red) 1974:141). Die Grieks beteken die oordrag van betekenis (Van Gorp e.a. 1984:191).

Aanvanklik is die metafoor maar net as 'n stylfiguur beskou. Maar sedertdien het literêre kritici en filosowe bygedra tot 'n belangrike beskouing, naamlik '... that metaphor is not peripheral but central to our understanding; that there are few things that can be said without metaphor' (Pamment 1985:118). Oor die metafoor bestaan daar 'n groot verskeidenheid teorieë (Gräbe 1984:6).

In 'n metafoor as literêre verteltegniek, vind daar altyd oordrag plaas: eienskappe van een ding word op 'n ander oorgedra (Spangenberg 1980:13). Daar is sprake van 'n metafoor wanneer die objek wat vergelyk word (die direkte betekenis) vervang word deur 'n beeld. Objek en beeld moet dan op die een of ander wyse deur gelykenis met mekaar verbind wees. In die metafoor word twee dinge, wat origens heel verskillend andersoortig is, met mekaar vergelyk op grond van sekere ooreenkomste of raakpunte daartussen (Spangenberg 1980:7). Volgens laasgenoemde word onder andere twee soorte matafore aangetref, naamlik die eksplisiete en die implisiete of versweë metafoor; die een lid van die vergelyking word nie genoem nie, maar wel geïmpliseer (Spangenberg 1980:11). Daar is ook uitgebreide metafore wat breër uitgewerk word sodat hulle verskeie individuele metafore bevat (Spangenberg 1980:11).

Op 5:6 bevat die metafoor, die Lam, wat weer breër betekenis kry deur ander metafore, onder andere die 'sewe oë', wat bygevoeg word. Die 'sewe oë is die sewe Geeste', is waarskynlik 'n eksplisiete of direkte metafoor want albei die gegewens (objek en beeld) word pertinent genoem. Die verskeie metafore struktureer die outeur se persepsies. Daar is ook 'n duidelike relasie tussen die metafore (bv. horings en oë). Die opstapeling van metafore dien onder andere om die 'leitmotiv' (die Lam) in 'n progressiewe en intensiewe manier uit te beeld.

Die metafoor van die 'sewe oë' het, soos reeds aangetoon, sy oorsprong in die Ou Testament (Sag 4). Die metafoor was na alle waarskynlikheid aan die ou Israeliete baie bekend. Die Ou Testament was ook die outeur van Op se Bybel. Dit veronderstel dat die outeur taal en simbole gebruik wat reeds by die gemeenskap vir wie die brief geskryf is, bekend was. 'Just as any community has its 'in jokes', so it has its 'in' metaphors, which help to give it a sense of separate identity' (vgl. Pamment 1985:119).

### 3.7 Die moontlike betekenis van die *sewe oë van die sewe Geeste*

Openbaring 5:6c is 'n antropomorfisties metaforiese beeld van die Heilige Gees, as 'n Gees van persepsie ( die Deus praesens). Die Heilige Gees is volgens hierdie beeld die oë van God, van die Lam, van die kerk en van elke individuele gelowige (vgl. Boring 1987:265 e.v.). Deur die Gees sien God sy hele aarde en alles wat daarop gebeur. Deur die Gees kon Johannes die nood in die sewe gemeentes raaksien en dit met die getuienis oor die Lam aanspreek (die tydelike). Deur die Gees sien Johannes ook ruimtelik, die troon en die triomf van die Lam. Deur die Gees sien elke gelowige ook tydelik en ruimtelik (vgl. Collins 1984:77).

Die Gees, die kerk en elke gelowige is 'n gestuurde van God oor die hele aarde met die doel om te kyk en te verkondig. In die verband vermeld Hughes 1990:80 'The reference in St. John's vision is not simply to the Holy Spirit's all-seeing omnipresence or ubiquity, but more specifically to the universal outpouring of the Holy Spirit at Pentecost in fulfilment of the Sons's promise to send the Holy Spirit in whose power his disciples would be his witnesses' to the uttermost part of the earth' (Acts 1:8). Of soos Du Preez (1991:4) dit stel, 'n Lam met sewe oë: 'Sewe is hier eenvoudig 'n simboliese aanduiding van volheid. Die Lam sien alles presies soos dit is. Hy doen dit deur die 'sewe Geeste' 'n heenwysing na die volheid van die één Gees van God wat op Pinksterdag op die gelowiges uitgestort is om vir altyd in hulle te woon en deur hulle te werk in die hele wêreld. Hy werk speurend deur die wêreld as die oë van die Lam. En Hy doen dit op 'n besondere wyse deur middel van die oë van hulle in wie Hy woon.

## 4. Wat Sien die Gees? 'n Teologiese Perspektief

Met die oog op die tema van die kongres: 'Bybelse waardes en die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing', word die fokus op enkele temas in die Apokalips (veral Op 5) gevestig.

Du Rand (1991:589) vermeld dat die teologiese gesigspunt van die Boek Openbaring bestaan uit verskeie fasette. Een van die belangrikste fasette is die historiese. Daaronder word die plek en rol van God en sy volgelinge in die geskiedenis verstaan.

### 4.1 Negatiewe persepsies

#### 4.1.1 'n Gebroke werklikheid

Die Gees sien 'n gebroke werklikheid. Ruimtelik sien Johannes 'n volmaakte reënboog, 'n volkome sirkel rondom die troon van God (Op 4:3b). Dit is 'n simbool van 'n volkome werklikheid. Temporeel, sien die Gees, die kerk en elke gelowige egter 'n halwe reënboog, 'n onvolkome sirkel en dus 'n gebroke werklikheid. Johannes se parameters vir die werklikheid is die proton en die eskaton.

Hierdie gebroke werklikheid werk deur in die kerk (vgl. Op 2:14; 3:1; 3:16 ens.); in die kosmos (vgl. Op 6:9-17; 8:3-13; 9:1-12 en in die geskiedenis (vgl. Op 12-22; Du Rand 1990:269-271).

#### 4.1.2 'n Anti-Christelike koninkryk

Die Gees sien 'n anti-Christelike koninkryk. Die leiersfigure of onheilige drietal (bose trio) van hierdie koninkryk is Satan, die anti-chris en die valse profeet. Hulle

is die groot anti-magte teen God, sy Christus-Koning en sy Kerk (Coetzee 1983:1; Du Rand 1990:270)

Satan, die na-aper van God, is na die hemelvaart uit die hemel gegooi en is hy en sy gevalle engele aktief werksaam op aarde. Die duiwel en sy demone werk nou met alle krag hier op aarde. Die doel is om mense los te skeur van hulle God (vgl. Op 12:9-12). Johannes en die gelowiges het dit intens ervaar.

Een van die vernaamste handlangers van die satan, is die antichris of na-aper van Christus. In Op 13:1-10 word hy genoem die 'dier uit die see'. Die 'see' is die simbool van die Godvyandige nasies. Die antichris openbaar hom dus in die goddelose, Godvyandige wêreldmagte wat veral in die laaste dae die kerk van Christus sal probeer vernietig. In Op 13:7 word een vreeslike deel van die antichris se werk in die laaste dae uitgestippel: hy sal met brute aardse geweld en uiterlike mag die kerk van Christus heeltemal oorwin. Die toekoms van die kerk word deur die magte van die antichris beïnvloed (vgl. Op 13:8; Coetzee 1983:5). Die antichris kan 'n *enkele persoon*, 'n *wêreldmag*, 'n *wêreldgees* of 'n *ideologie* wees. (Coetzee 1983:6). Hy openbaar hom eers as 'n Christusvyandige *gees* of gesindheid. Daarom was daar al in Johannes se tyd en deur die eeue ook baie antichriste. Maar namate die einde nader kom sal die gees van die antichris al meer konkrete vorm aanneem in *aardse magte* wat met die daad teen Christus en sy kerk sal organiseer en die kerk gewelddadig selfs sal probeer uitwis. Hierdie antichristelike magte sal, wat aardse mag en heerskappy betref, die gelowiges probeer oorwin (vgl Op 13). Uiteindelik sal hierdie antichristelike gees en magte in die laaste dae as't ware in een, magtige goddelose *mens* aan die hoof staan van alle magte en ideologieë wat teen Christus en sy kerk is (Coetzee 1983:6-7).

Die valse profeet is die belangrikste handlanger van die satan en die antichris. In Op 13:11-18 word hy in simboliese taal 'die dier wat uit die aarde opkom genoem'. Hy is die groot na-aper van die Heilige Gees en kan die heilige gees van satan en die antichris genoem word.

Volgens Op 13:11 is hy 'n valse profeet en verleier. Hy lyk soos 'n lam maar praat soos 'n draak. As handlanger van die antichris is sy hele motief dat die mensdom die antichris moet aanbid. Skynbaar sal hy groot wonders en tekens doen wat die mensdom sal imponeer (vgl. Op 13:13-15; Coetzee 1983:9). Uiteindelik sal die valse profeet die groot demoniese boikot-veldtog teen die kerk van stapel laat loop. (Op 13:16-17). Die geskiedenis loop uit op die ergste en blatantste vorm van intimidasie teen die kerk van Christus (vgl. Du Rand 1991:594).

### 4.1.3 'n Lydende geloofsgemeenskap

Die Gees sien ook 'n lydende kerk. Die sewe kerke het, soos reeds aangedui, sosiale godsdienstige, ekonomiese, politieke en maatskaplike verliese gely. (vgl. De Smidt 1994:2; Moberly 1992:377; Thompson 1990:115; Fiorenza 1989:8; Meeks 1986:145). Pilch 1993:238 vermeld dat selfs al was daar net '... local actions against Christians and not Empire-wide persecution, it is reasonable to conclude that the stress of actual experience or anxious expectation of local action would describe a stressful life-setting in which the Seer of Revelation and the book's intended audience find themselves in the years around 95-96 C.E. in western Asia Minor.'

Daarby reflekteer die 'retoriese situasie' in Op dat die grootste bedreiging vir die sewe kerke nie van buite gekom het nie, maar van binne die gemeentes in die vorm

van kompromie met Rome, die Jode en die heidene asook innerlike onenigheid (De Smidt 1994: ; Cloete en Smit 1992:57; Du Rand 1989:100, 103-105; Meeks 1986:147).

Eweneens sien die Gees ook in ons dag 'n lydende kerk wat van buite en van binne krisisse ervaar. In baie opsigte sien die gees 'n verskeurde kerk en 'n nooddriftige gemeenskap (Du Preez 1991:4). Hy sien die sosio-ekonomiese nood van miljoene straatkinders en inwoners van plakkerskampe. Hy sien voorwaar 'n sugtende skepping.

## 4.2 Positiewe persepsies

Openbaring adresseer 'n konkrete historiese situasie met die profetiese Woord van God. Openbaring is onder andere 'n profeties/pastorale antwoord op twee vrae, naamlik: die vraag na God (wie regeer die wêreld?) en die vraag na die geskiedenis (wat is die betekenis van lyding en tragiese gebeurtenisse van die geskiedenis?; Boring 1987:257) Die Gees laat die outeur en lesers onder andere sien:

### 4.2.1 God regeer

Vir die lesers van Openbaring was die vraag: wie regeer die wêreld? 'n belangrike politieke (historiese) en teologiese vraag. Die kieserkultus met Domitianus se moontlike toeeinening van die titel *Deus et Dominus* en die Christene se misnoë het 'n antwoord vereis. (vgl. Boring 1987:257). Die pynlike verskil tussen die Christene se verwagtinge volgens teologiese oortuigings (God se verlossing) en die historiese werklikhede (verlies) kon verwarring veroorsaak (vgl. Du Rand 1991:589). Die oënskynlike dominante kulturele antwoord op die vraag moes wees: Rome regeer die wêreld en almal wat lojaal is aan hom geniet voorspoed en vrede (Boring 1987:258) .

Die outeur van Op (5:1) toon deur sy apokaliptiese medium aan die lesers dat God nie 'n mag soos ander magte in die geskiedenis is nie. Hy is nie 'n kompeterende mag in die wêreldproses nie. Hy is die die Almagtige (Boring 1987:258, 259).

In die Nuwe Testament word die formule 'Almagtige' (Pantokrator) net in Op gevind (vgl. 1:8; 4:8; 11:17; 15:3; 16:7, 14; 19:6, 15; 21:22). Die formule word in verskillende relasies gebruik. God noem Homself so (Op 1:8); die hemelse wesens noem Hom so (Op 4:8; 11:17; 16:17; 19:6); Johannes wat die lydende kerk verteenwoordig, noem God die Almagtige; die mense wat die oorwinning behaal noem Hom so (Op 15:3) en in die skeppingslied word Hy so besing (Op 4:8-11; Boring 1987:259; Du Rand 1991:589). Die formule word ook verbind aan die titel 'Kurios' (Here). Boring (1987:259) meen die titel wat net aan God toegeken kan word is wederregtelik deur die keisers oorgeneem en deur onder andere Domitianus vir die keiserkultus gebruik. Vier keer word 'Almagtige' verbind aan 'Hy wat is en wat was en wat kom'. Dit is 'n formule vir God se rol in die geskiedenis. (Op 1:8; 4:8; 11:17; 16:4-7).

Die Gees toon dus die teosentriese gesigspunt van die gelowiges in 'n krisissituasie. God is die Pantokrator wat alles op aarde sien en beheer. Die formule '... represents God and the one whose power embraces all history from beginning to end' (Boring 1987:259; Du Rand 1991:589). Hys is die Alleenheerser in die geskiedenis, kerk, kosmos.

In Op 4:36 word vermeld dat die reënboog om die troon van God 'n groen glans gehad het (smarag). Dit is simbool van God se verbondstrou. Dit moes vir die lesers 'n geweldige katarsis gewees het.

4.2.1.1 Die Troon

Die Gees sien ook die troon van God in die hemel, vanwaar God regeer. Dit is 'n sleutelmotief in Op, die hoofkwartier van God (vgl. Op 5:1). Dit is 'n betekenisvolle vertrekpunt vir die teologiese historiese gesigspunt volgens Op want '...God the Almighty One is expressed by means of the throne image'. (Boring 1987:259).

Die term 'troon' kom 62 keer in die Nuwe Testament voor waarvan 47 in Op gevind word. Die term 'troon' kom in al die hoofstukke voor behalwe in Op 9, 10, 15, 17 en 18. Daarby vorm die '... key throne room setting ... the comprehensive framework around the central section of the book (4:1 11:9; Boring 1987:259).

Vir die lesers, 'n aanbiddingsgemeenskap in 'n krisissituasie, was dit 'n belangrike gesigspunt. Deur die troonvisioen word hulle 'n egalitariese *communitas* een gemeenskap in Asië: 'n gemeenskap wat bestaan uit God (Pantokrator), die Gees, die Lam, engele, ouderlinge, wesens, die siener en hulleself. Tydelik is hulle op aarde maar ruimtelik deel van 'n groot Christelike *communitas* rondom die troon. Die troon maak ook skeiding tussen Christene en nie-Christene (Thompson 1991:69-70; Fekkes 1994:101). So figureer die troon van God ook kontrasterend met die aardse, pretensieuse trone van Satan en die dier wat Rome se aanspraak op heerskappy versinnebeeld. (Boring 1987:260).

God se troon is dus die gesaghebbende vertrekpunt van die Godsheerskappy ten opsigte van die kerk, wêreld en die geskiedenis. (Du Rand 1991:589). Esegiël 1:26-28 is heel moontlik die bron vir Johannes se troonvisioen. (Boring 1987:266).

4.2.1.2 Die Lam

Die Gees en Johannes sien ook die Lam deur wie God regeer en die oorwinning behaal. In die troonsaal sê Johannes, het hy ... 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was (Op 5:6a). Trouens, die Gees is die oë van die Lam. Hier is roumateriaal vir die latere trinitariese leer van die kerk. God word nie hier *ad intra* beskryf nie. Die outeur bly diskreet (Guthrie 1981:70).

In Openbaring 5, wat in baie opsigte as die middelpunt van die hele Apokalips beskou word, staan die Lam sentraal. (Fekkes 1994:75; Guthrie 1981:65). Die 'Lam' word as die dominante titel vir Jesus (die mesiaanse *testimonia*) 28 keer in Op gebruik, terwyl Jesus Christus 7 keer en Christus 4 keer gebruik word. (Fekkes 1994:75; Guthrie 1981:64; Du Rand 1991:594). Die 'Lam' vorm die *leitmotiv* of *basso ostinato* van Op ('n kernbegrip wat oor en oor herhaal word), en bind die narratief tot 'n teologiese eenheid saam (Du Rand 1993:306, 308; vgl. Thompson 1990:65). Die geslagte Lam dui op die offerlam, die sentraliteit van die kruis van Jesus, waar Hy met sy bloed mense vir God losgekoop het en hulle 'n koninkryk van priesters vir God gemaak het (Op 5:9-10; Du Rand 1993:306; 1991:594; Wall 1991:108; De Villiers 1988:130). Die moontlike oorsprong van die begrip is Gen 49:9-12; Jes 11:1-5; 53:6 of Joh 1:29 (vgl. Fekkes 1994:153; Du Rand 1993:308; Whale 1987:290; Guthrie 1981:69).

Op 5:4 vermeld dat Johannes gehuil het omdat niemand instaat was om die boekrol (Op 5:1) oop te maak nie. Die boekrol is God se bloudruk vir die

ontplooiing van sy raadsplan vir sy kerk, kosmos en geskiedenis. Dit moet uitloop op die nuwe hemel, aarde en Jerusalem, die volmaakte volk van God (vgl. Du Preez 1991:4). Die 'huil' van Johannes '... indicates that man will never know either the secret or the meaning of history. Only the Lamb can disclose the action of God in history'. (Guthrie 1981:70). Dit is wat die outeur van Op dan ook vermeld. Hy plaas die Lam in die regte perspektief as die een wat opgestaan het (vgl. 'staan' Op 5:6a) en die sewevoudige eer ontvang het (Op 5:12).

Die Lam is nie 'n simbool van swakheid nie, maar van krag. Hy is 'n in beheer van die historiese verloop van die kerk, die kosmos en die geskiedenis. Dit is die ontplooiing van die effek van die offer van die Lam (Du Rand 1990:268; Guthrie 1981:70).

Op 5 is die verhaal van die Lam se geïmpliseerde troonbestyging in die troonsaal. Hiermee begin die gebeure van die eindtyd ontvou. Die inhoud van die verseëlde boekrol realiseer (Collins 1984:78). Die Lam word nou God se instrument van verlossing en oordeel in die kerk, kosmos en geskiedenis (Du Rand 1993: 306-309; 1991:594; 1990:268; Thompson 1990:65; Guthrie 1981:69). Hy hou verlossing in vir diegene wat aan die getuienis van Jesus Christus vashou en oordeel vir diegene wat sy offer verwerp. (Du Rand 1991:584). Die wat verlos word, verskyn dan ook in die boek van die Lam, die boek van die lewe (Op 21:27; Du Rand 1991:594). Die massas het egter hierdie alreedse heerskappy van die Lam verwerp (Op 9:20). Veral die twee diere uit die see en land neem hierin die voortou (Du Rand 1991:594).

Die *leitmotiv* bekragtig die feit dat die koninkryk van God reeds deur die offer van die Lam gevestig is. In Op 5 word dit telkens duidelik dat die geslagte Lam die ware Heerser is en dat sy verdrukte onderdane die eintlike oorwinnaars is (Du Rand 1990:223). As priesters van God het hulle alreeds direkte toegang tot God en is hulle alreeds deel van die nuwe wêreld. Deur die bloed van die Lam is die gelowiges reeds oorwinnaars. (Du Rand 1990:223, 268). Die Christengemeente is reeds 'n sigbare bewys van die Lam se heerskappy (Du Rand 1991:594).

In hierdie sekuriteitsgeskrif word vir die lesers aangetoon dat op grond van die slagting van die Lam die kerk, die kosmos en die geskiedenis geborg is (Du Rand 1991:584). Die rasionaal van die Lam is dat Hy oorwin het (Guthrie 1981:65). Daar is nog 'n stryd teen die magte van chaos en boosheid maar die lesers kan getroos voel deur die sekerheid van sy oorwinning (De Villiers 1987:85). In die geslagte en verhoogde Lam het die soewereine God sy oorwinning geopenbaar oor die afgode en heersende elite van die anti-Christelike koninkryk (Wall 1991:12).

Die Lam is dus die groot Vervuller van die raadsplan van God. So interpreteer die outeur die daaglikse benouenis van die lesers. Op so 'n wyse word die spanning verlig deur 'n katarsis op psigologiese vlak (Du Rand 1993:309). Dit is nog nie 'n fisiese katarsis nie maar 'n psigiese uitsuiwering op grond van teologiese waarhede waarvan die offer van die Lam die kernmoment uitmaak (Du Rand 1991:587). Die lesers '... are transformed into the symbolic framework of thought where the Lamb and martyrs reign. They recognize that through their suffering and witness, they take part in the salvation and judgment of the world, just as the suffering of Jesus did'. (Du Rand 1989:110).

### 4.2.2 Die Geskiedenis

Die Gees en Johannes sien ook die geskiedenis as 'n daad van God '... a unified story which is not over yet' (Boring 1987:260) In die verband moet gelet word op die outeur se moontlike beskouing van die geskiedenis en die interpretasie van die geskiedenis vir die krisis van die lesers. Belangrike komponente is die krisis van die lesers, die bipolêre geskiedbeskouing (Israel en die kerk), die Christusgebeure en die outeur se interpretasie vir die lesers.

#### 4.2.2.1 Die krisis van die lesers

Die lesers het hulself in 'n krisissituasie bevind. Onder andere het hulle geworstel met die betekenis van lyding en die tragiese gebeurtenisse van die geskiedenis. As God die Almagtige is, hoe kan die tragiese plaasvind? Is daar betekenis vir die lesers se ervaring van verlies? Vir die outeur is die verlies 'n historiese werklikheid waarin hy en sy lesers moet leef en hulself uitleef. (Boring 1987:260). Dit is dus 'n krisis met betekenis (Boring 1987:267).

#### 4.2.2.2 Bipolêre geskiedbeskouing

Vir die outeur van Op gaan dit veral om die hierdie-wêreldse (*diesseitig* en nie soseer *jenseitig* nie). Hy herhaal telkens dat God die Skepper van hierdie wêreld is, dat hierdie wêreld en sy geskiedenis 'n daad van God is. Die woord 'aarde' kom 250 keer in die Nuwe testament voor. Daarvan kom dit 82 keer in Op voor, ver meer as in enige ander boek. Die troontoneel (Op 4:1-11) skilder God as Skepper en die skeppingsmotief kom oral voor. (Op 10:5-6; 14:7). Openbaring fokus op die horisontale lyn (Boring 1987:268).

Die outeur plaas die geskiedenis van God se dade in die konteks van die universeel menslike geskiedenis. Die parameters van die geskiedenis is bipolêr, naamlik die *skepping* (alfapunt) en die *eskaton* (omegapunt); vgl. De Smidt 1994:10; Boring 1987:267-8). Dit is die eerste en die laaste van God se almagtige dade in die geskiedenis. Die outeur se pre-skepping en post-eskaton beskouings is diskreet (De Smidt 1983:203).

Die outeur sien die geskiedenis as 'n liniêre lyn, 'n *gronos*. Op die lyn is beslissende diakroniese of tydsmomente. Daar is 'n progressiewe beweging, 'n voortgang op die lyn van die geskiedenis (die *gronos*). Die Christusgebeure is die middelpunt van hierdie gronos (De Smidt 1983:202; Cullmann 1967:51 e.v.; 83).

Die drie bakens op die lyn van God se handelinge is Israel, Jesus en die kerk. Die wyer konteks wat betekenis aan die drie bakens gee, is die bipolêre universeel menlike geskiedenis en is sinvol vanuit die verlede (heilshistories) maar ook vanuit die toekoms (eskatologies). Die eskaton is nie die belangrikste nie, maar net 'n deel in die verloop van die geskiedenis (Boring 1987:268). Hier is dus sprake van 'n heilshistories-eskatologiese geskiedbeskouing (vgl. De Smidt 1993:91; Du Rand 1991:590; Boring 1987:260).

Moontlik vertolk die outeur die eskaton etimologies en eksistensieël. *Etimologies* dui 'eskaton' op die eindtyd, finale tyd. Dit dui op die afsluiting van 'n reeks gebeurtenisse of 'n tydsverloop. Die eindtyd is toekomstig en present. Daarby het die finale tyd slegs betekenis wanneer dit in verbinding met die voorafgaande tyd staan. *Eksistensieel* beteken eskaton om altyd in 'n situasie van beslissing te wees. Die mens staan in die nood van die tyd voor die keuse tussen die sigbare waaroor hy

beskik en die onsigbare waarvoor hy moet kies. Dit is dus 'n geskiedenis met 'n dubbele inslag. Daarom is daar 'n dialektiese spanning tussen die 'reeds' en die 'nog nie'. Die 'reeds' bevat die 'nog nie' in latente vorm (De Smidt 1983:199).

Die outeur sien ook God en die geskiedenis as onskeibaar. Die geskiedenis is 'n daad van God. Die outeur gee nie 'n kronologiese weergawe van God se handelinge in die verlede nie. Hy gebruik slegs voorbeelde (en simboliese beelde) uit die verlede en hou hulle voor as die instrumente van die profetiese Woord van God vir die presente. Dit beteken egter nie dat die outeur nie 'n begrip van tyd gehad het nie en daarom alle geskiedenis homogeniseer nie (Boring 1987:263).

Die Gees laat die outeur die geskiedenis vanuit die verlede sien maar ook as 'n finale fase voor die einde. Die geskiedenis kry betekenis en is sinvol vanuit die verlede (heilshistories) maar ook vanuit die toekoms (eskatologies). Die ruimtelike (onbegrensde tyd) het reeds in die tydelike (begrensde tyd) ingebreek, 'n heilshistories-eskatologiese geskiedbeskouing (vgl. Du Rand 1991:590; Boring 1987:260). Die rol van die eskatologie in die geskiedenis is belangrik (Du Rand 1991:590).

Die finale kairosmoment is die oorwinning van God. Soos al die ander aktes in die drama van die geskiedenis is die laaste akte teosentries. Die tweede koms van Jesus is nie die vernaamste akte nie. Dit is slegs die finale een in die verloop van die geskiedenis (Boring 1987:268).

4.2.2.3 Die Christusgebeure

Wat is die heilshistories-eskatologiese betekenis van die Christus gebeure?

*Heilshistoriese betekenis:*

Die doel en klimaks van die dade van God in die geskiedenis is die Christusgebeure. Dit is '... the definitive event by which all history is to be understood' (Boring 1987:264). Die plek en betekenis van Christus in die historiese verloop straal deur elke hoofstuk in Openbaring. Die belangrikste Christusgebeure is onder meer:

- *Die dood van Jesus.* Slegs die dood van die aardse Jesus word in Op vermeld. Baie min word daaroor gesê en niks van sy lewe en lering nie (Boring 1987:264; Guthrie 1981:69). Die dood van Jesus is 'n uitdrukking van die krag van God se liefde (vgl Op 5:1b). Dit is 'n liefdesdaad van verlossing (Boring 1987:264)
- *Jesus as ekwivalent van God.* Deurgaans verstaan die outeur Jesus as die funksionele ekwivalent van God (Boring 1987:265). Die boodskap van God is die boodskap van Jesus (Op 1:1-2). God en Christus sit op die troon (Op 3:21; 7:9-10; 17; 22:1,3). Die oë van die Gees is ook die oë van God en die Lam (Op 5:6). Dit beteken nie dat twee of drie persone op die troon sit om die geskiedenis te rig nie, maar dat God deur die Christusgebeure (en die Gees) die kerk en heelal regeer. Dit beteken ook nie dat God deur Christus vervang word nie, maar dat God sy almag en heerskappy deur Jesus Christus manifesteer. (vgl. Op 11:15). En dit geskied bloot op grond van die feit dat die Lam geslag is. God het net een plan gehad om die gang en betekenis van die geskiedenis te rig en dit is die Christusgebeure. (Boring 1987:266; vgl. Du Rand 1991:591).

- 'n Belangrike aspek is dat *Jesus deur die Romeinse owerheid doodgemaak* is. Dit is egter deur sy getuienis, wat Hy met sy lewe beseël het, dat Hy messiaans oorwin het. Die term 'oorwin' is 'n sleutelterm wat herhaaldelik gebruik word (17 keer van die 28 keer in Nuwe Testament in Op) om Jesus se misie op te som. Om te oorwin beteken dat Hy op grond van sy getuienis moes ly en sterf. (Boring 1987:267).
- Die geskiedenis van Jesus word ook met dié van *Israel* verbind. Dieselfde magte wat teen Israel opgetrek het word simbolies in verband met Jesus genoem.

*Eskatologiese Betekenis:*

Volgens Du Rand 91991:592) moet die Christusgebeure nie net heilshistories benader word nie, maar ook eskatologies teologies. Hiervolgens beklemtoon die outeur van Op dat in Jesus Christus die heerskappy van 'die Almagtige' reeds sigbaar deurgebreek het. Geskiedenis ontvang sy betekenis van die eskatologie. In die fase van die geskiedenis word God se verlossing gerealiseer, maar ook sy oordeel voltrek. Slegs die gelowiges word gered. Die outeur probeer nie soseer die betekenis van die geskiedenis as sodanig verduidelik nie, maar eerder die sin van die bestaan van die gelowiges in krisis (vgl. Op 6:10). Veral vanuit die toekoms word die hede as sinvol beleef. Die gelowiges is nou reeds deel van God se toekoms. God regeer nou reeds in die hemel en vestig sy heerskappy op die aarde. Die Christusgebeure vorm die raamwerk waarbinne Hy regeer. (Du Rand 1991:593; Boring 1987:264).

Die eindgebeure, is nie op 'n tydskaal te bereken nie, maar moet met akuutheid beleef word as 'n tyd van bekering, geloof en hoop in 'n krisistyd.

4.2.2.4 Interpretasie van die lesers se krisis

Deur die Gees word die outeur ook 'n interpreteerder van die krisis van die lesers. (De Smidt 1994: Boring 1987:263). Openbaring se primêre hermeneutiese perspektief is om die presente heilshistories eskatologies te interpreteer en om al die heilshistories-eskatologies gebeure in die historiese konteks tussen skepping en eskaton te plaas. Die outeur poog om teologiese kontoere te trek om sodoende die immanente leefbaar te maak. Dit is 'n sinkroniese interpretasie (vgl. Boring 1987:267).

Hoe doen die outeur dit? Die outeur herinner die gelowiges dat hulle ervarings *deel is van God se verlossingshandelinge*. Die krisis waarin hy en sy lesers hulle bevind is nie betekenisloos nie. Dit dui ook nie op 'n impotente en onbetroubare God nie maar dit is die voorlaaste akte in die drama van God se verlossingsdade. (Boring 1987:263; Du Rand 1991:591). Hy is die Pantokrator, Heerser oor alles en almal (vgl. 4:8). Hy het nie net beheer oor dit wat aan Hom onderdanig is nie, maar ook oor die magte wat teen Hom in opstand is. Hulle is deel van die strydende kerk (Op 7:1-8, 10, 11; 14:1-5) waar ook van die oorwinnende kerk (vgl. Op 7:9-17). Die presente is 'n integrale deel van God se reddingsakte.

Die outeur herinner die lesers ook dat hul huidige krisis 'n *voortgang is van die geskiedenis van die volk van God in die verlede* (Boring 1987:263; Du Rand 1991:591). In die geskiedenis van Israel het die skynbaar gelyk asof die antigoddelike magte van onderdrukking en onregverdigneid die wêreld beheer, maar

hulle is deur die verlossingsdade van God omvergewerp (Boring 1987:263). Die gelowiges kan midde in krisisse gerus wees: God die Pantokrator, is in beheer van Sy eiendom. Die hudige knellende magte vergelyk hy met dié in Israel se geskiedenis (vgl. Sodom, Egipte, Farao, plae van Egipte, Babilon, die 'vier ryke' van Daniël se visioen; Op 11:5-8; 13:2; 14:8; 16:19; 17:5, 18:1-24). Ook die verlossingsfigure kom uit Israel se geskiedenis (vgl. Moses, Elis, Op 3:7; 11:5-8; 15:1-5; 22:16. In Op 5:5 is Dawid, die agent van God se verlossing in Israel se geskiedenis, 'n beeld van God se eskatologiese verlossing. Beleam (Op 2:14) en Isebel (Op 2:70) is modelle van die kontemporêre valse profete en ketters wat die Christene treiter (Boring 1987:264; vgl Du Rand 1991:591). Die outeur het '.. a sense of the history of God's saving acts in the past and sees his own history in continuity with and illuminated by that history' (Boring 1987:264). Israel het as gevolg van hul getuienis krisisse ervaar en gely maar God het hulle verlos.

Die klimaks van die outeur se interpretasie van die lesers se presente krisis is die *Christusgebeure*. Die geskiedenis van Israel, die offer van Jesus, die krisis van die lesers en die eskaton word heilshistories-eskatologies verbind.

Heilhistories is die 'goal and climax of the mighty acts of God in Israel's history .. the Christ' (Boring 1987:264). Hy is die gesalfde Koning van die eindtyd en Hy het reeds in die geskiedenis verskyn. Hy het die bose trio oorwin. Sy dood is God se daad van krag en liefde. Jesus se stryd, vervolging, lyding is 'n kontinuïteit van Israel se stryd. Hy het egter hulle bose opponente oorwin. Die lesers se krisis is weer 'n kontinuïteit van Jesus se krisis. Hy is die Christene se hoop. Soos daar tekste is wat God, Jesus en die Gees gelykstel (vgl Op 5:6) so is daar tekste wat Jesus en die Christene gelykstel (Op 1:5-2:13; 2:27; 3:21; 20:4,6,7; Broing 1987:267). Die daad van God in Jesus wat gely, gesterf en oorwin het, word in die lewe van die Christene verleng. Hy het die koninkryk van hierdie wêreld wat op onderdrukking en geweld gebaseer is, oorwin. Hy is deur dieselfde Romeinse heersers wat nou die Christene dreig, gekruisig maar hy het oorwin. Daar is oorwinning in Christus (Boring 1987:266; De Smidt 1994:11). Hulle oorwin egter deur hulle getuienis (martyria) van God se heerskappy.

Soos reeds vermeld word 'oorwin' gebruik om beide Jesus se visie en die kern van die Christelike lewe op te som. Die valensie van oorwinning is vir die Christene, soos vir Jesus, 'n saak van lyding en selfs die dood. In beide gevalle is die oorwinning werklik alhoewel verborge en in beide gevalle sal die realiteit daarvan in die toekoms manifesteer. (Du Rand 1991:592; Boring 1987:267). Op so 'n wyse word die huidige krisis geïnterpreteer. Die Christene se lyding en dood het dus betekenis. In die Christusgeskiedenis beleef die Christene hulle hede as deel van God se voortgaande heerskappy, net soos met Israel en Christus die geval was.

Vanuit eskatologies teologiese gesigpunt beleef die Christene ook vanuit die toekoms die hede sinvol. Deur ruimtelik herinner te word dat hulle saam met Christus regeer, word die Christene bewus dat hulle nou reeds deel is van God se toekoms. God se heerskappy is daarom op aarde teenwoordig in die Christelike gemeenskap. Hierdie gemeenskap moet God se heerskappy in die kerk, heelal en geskiedenis sigbaar maak. Stryd, vervolging en krisisse en oorwinning beteken deelname aan God se alreedse heerskappy oor die bose trio. As *ecclesia militans* is hulle reeds *ecclesia triumphans* (Du Rand 1991:591). Deur hulle getuienis het hulle gely maar ook die alreedse heerskappy van God sigbaar gemaak totdat dit volkome erken word in die nuwe skepping (Du Rand 1991:593-595; Boring 1987:267). Die

plae is onder andere gbruik om God se verlossingdade onder die volk van God te illustreer. Hier word dit gebruik om God se eskatologiese verlossingsdade in die presente te illustreer. Die Christendom het 'n Wenresep - Christus. God se verlossingsdade het in Israel gemanifesteer maar ook in die gemeenskap van die gelowiges in Christus. Dit is hulle getuienis (martyria); (Boring 1987:267; sien Wall 1991:12).

4.2.3 Die eenheid van die Christendom

Die Gees sien ook die eenheid van die Christendom oftewel die kerk. In Op. is daar kragtige beelde van die eenheid van die kerk (Du Preez 1991:4).

In Op 5:6 sien Johannes die Lam by die troon van God staan met vier en twintig onderline reg rondom Hom. Dit is 'n beeld van die kerk van Christus, met die troon van God en die Lam in die middel. Die Christendom in sy verskeidenheid is saam verenig rondom Hom wat Sy lewe aan die kruis afgelê het. Die onderlinge (ganse Christendom) sing soos uit een mond die loflied van die Lam (Op 5:9-10). Hulle loof Hom omdat Hy deur Sy offer mense uit elke stam en taal en volk en nasie losgekoop het en saam aan God toegewy het (Du Preez 1991:4). In Op 1:20 sien Johannes ook vir Christus omring van sewe goue lampe, die sewe gemeentes in Klein-Asië wat die hele kerk op aarde voorstel.

Die eenheid van die Christendom is steeds vir die Gees aktueel.

## 5. Konklusie

Die metafoor van die *sewe oë van die sewe Geeste* het sy oorsprong in Sagaria 4. Dit is 'n simboliese aanduiding van die volheid van die Heilige Gees. Die 'sewe Geeste' is 'n heenwysing na die volheid van die één Gees van God wat op Pinksterdag op die gelowiges uitgestort is om vir altyd in hulle te woon en deur hulle te werk in die hele wêreld.

Die Gees is die Gees van resepsie. Alles wat in Op meegedeel word, word van die Gees ontvang. Hy is die Agent in die Goddelike openbaring en stuur sy boodskappers oor die hele aarde uit.

Die Gees is die Gees van relasie. Hy is in noue relasie (ekwivalent) met God, die Lam en die gelowiges. Hy is noue relasie met die ruimtelike en die tydelike. Hy bewerkstellig 'n egalitariese *communitas*.

Die Gees is die Gees van oorwinning. Hy maak die Lam, die kerk en die individu kragtig om die bose trio te oorwin deur hulle getuienis, lyding en die dood. Die Gees is die Gees van persepsie. Hy is die oë van God, die Lam, die kerk en die gelowige. Sy persepsie is kosmies, histories en kerkomvattend. Hy sien ruimtelik en tydelik alles raak.

Die Gees is die Gees van interpretasie. Hy interpreteer die krisis van die gelowiges in die lig van die Christusgebeure. So ervaar die gelowiges hulle krisis teologies sinvol. Deur die Gees beleef hulle 'n katarsis.

Die Gees ontplooi God se raadsplan, ruimtelik en tydelik (vanaf die proton tot die eskaton, die universeel menslike geskiedenis).

# BIBLIOGRAFIE


Bauckham, R J 1980. The role of the Spirit in the Apocalypse. *Evangelical Quarterly* 522, 66-83.

Bauckham, R J 1993. The Role of the Spirit, in Bauckham, R J 1994. *The Climax of Prophecy.* Edinburgh: T and T Clark.

Beasley-Murray, G R 1974. *The Book of Revelation*. London: Butler and Tanner Ltd.

Beek, M A 1964. *Geschiedenis van Israël.* Antwerpen: N V Standaard Boekhandel.

Boring, M F 1987. The theology of Revelation. *Interpretation* 40, 257-269.

Botha, E (red) 1988. *Reading Revelation*. Pretoria: J L van Schaik.

Breck, J 1990. The Lord is the Spirit. The *Ecumenical Review* 42, 114-121.

Bruce, F F 1993. The Spirit in the Apocalypse, in Lindars, B and Smalley, S S reds) 1973. *Christ and Spirit in the New Testament.* Grand Rapids: Appolos.

Cloete, G D and Smit, D J 1992. Exegesis and Proclamation. *Journal of Theology for Southern Africa* 81, 55-65.

Coetzee, J C 1983. *Die onheilige drietal: die Duiwel, die Antichris en die Valse Profeet*. Instituut vir Reformatoriese Studie: Studiestuk no. 187. Potchefstroom: PU vir CHO.

Collins, A Y 1984. What the Spirit says to the Churches: Preaching the Apocalypse. *Quarterly Review* 4(3), 69-84.

Cullmann, O 1967. *Salvation in History*. London: SCM Press.

De Smidt, J C 1983. *Die duisendjarige vrederyk: 'n Analities-eksegetiese studie van Openbaring 20.* University of South Africa: M.Th-dissertation.

De Smidt, J C 1993. Chiliasm: an escape from the present into an extra-Biblical apocalyptic imagination. *Scriptura* 45, 79-95.

De Smidt, J C 1994. *The Holy Spirit in the Book of Revelation Nomenclature.* NTWSA 1994.

De Villiers, P G R 1987. *Leviatan aan 'n lintjie.* Woord en wêreld van die sieners. Kaapstad: Lux Verbi.

Dunn, J D G 1982. Rediscovering the Spirit (2). *Expository Times* 94, 9-18.

Du Preez, J 1991. Die sewe oë van die sewe Geeste. *Sendingblad,* Augustus 91, 4-6.

Du Rand, J A 1989. Theology in situation. *Acta Academica* 89(21), 100-112.

Du Rand, J A 1990. *Johannese Perspektiewe Deel I.* Pretoria: Orion.

Du Rand, J A 1991. God beheer die geskiedenis: 'n Teologies-historiese gesigspunt volgens die Openbaring van Johannes, in Roberts, J H (red) 1991. *Teologie in Konteks*. Pretoria: Orion.

Du Rand, J A 1993. A 'Basso ostinato' in the structory of the Apocalypse of John? *Neotestamentica* 27(2), 299-311.

Eichrodt, W 1964. *Theology of the Old Testament.* London: SCM Press Ltd.

Engelbrecht, J J 1987. The Holy Spirit in Revelation 1-3, *NTSSA* 1987, 1-21.

Fekkes, J 1994. *Isaiah and Prophetic Traditions in the Book of Revelation.* Sheffield: JSOT Press.

Fiorenza, E S 1989. *The Book of Revelation.* Philadelphia: Fortress Press.

Ford, J M 1975. *Revelation*. New York: Doubleday.

Gräbe, I 1984. *Aspekte van poëtiese taalgebruik*. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies.

Guthrie, D 1981. The Lamb in the structure of The Book of Revelation: *Vox Evangelica* 12, 380-385.

Hughes, P E 1990. *The book of the Revelation*. England: Inter-Varsity Press.

Jeske, R L 1985. Spirit and Community in the Johannine Apocalypse. *New Testament Studies* 31(3), 452-466.

Mazzaferri, F D 1989. *The Genre of the Book of Revelation from a source-critical perspective*. New York: Walter de Gruyter.

Meeks, W A 1986. *The moral world of the first Christians*. Philadelphia: The Westminister Press.

Moberly, R B 1992. When was Revelation Conceived? *Biblica* 73(3), 376-393.

Moltmann, J 1990. The scope of renewal in the Spirit. *The Ecumenical Review* 42, 98-106.

Morris, J 1989. *The Book of Revelation*. England: Inter-Varsity Press.

Pamment, M 1985. Path and residence metaphors in the Fourth Gospel. *Theology* 88, 118-124.

Pilch, J J 1993. Visions in Revelation and Alternate Consciousness: A Perspective from Cultural Anthoropology, in La Motte, V S (ed) 1993. *Listening*. Journal of Religion and Culture 28(3), 231-244.

Ridderbos, J 1968. *De Kleine Profeten*. Derde Deel. Kaampen: J H Kok.

Spangenberg, D F 1980. *Peilings van die poësie*. Pretoria: H en K Academica (Edms) Bpk.

Thompson, L L 1990. *The Book of Revelation*. New York: Oxford University Press.

Van Gorp, H (red) 1984. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Walters-Noordhoff.

Von Rad, G 1977. *Old Testament Theology*. London: SCM Press.

Van der Watt, J G 1989. Die Heilige Gees en die toerusting vir die bediening in Nuwe Testamentiese perspektief. *NGTT* 1989, 403-417.

Vriezen, Tn C 1970. *An outline of Old Testament Theology*. Wageningen: H Veeneman en Zonen.

Wall, R W 1991. *Revelation*. Massachusetts: Hendricson Publishers.

Whale, P 1987. The Lamb of John. *Journal of Biblical Literature* 106(2), 289-295.